

# Nuwe Lied Bediening

En Hy het 'n nuwe lied in my mond gegee, 'n lofsang tot eer van onse Elohiem (Ps. 40:4)

E-pos: [kontak@nuwelied.info](mailto:kontak@nuwelied.info)  
 Webwerf: <http://www.nuwelied.info>

*Yeshua is die Boom van die Lewe. Wanneer ons die Torah bestudeer moet ons onthou dat Yeshua Messias die Lewende Torah is – die Woord van YHVH wat vlees geword het. Hy is die weg na die waarheid wat lewe gee – die Lewende Manna wat uit die hemel gestuur is. Sonder Yeshua wat deur die Afgesonderde Gees in ons, en deur ons lewe, sal die geskrewe Torah net die dooie letter van die wet wees!!*

## **Parashah 47: Re'eh (ראה) Kyk! Sien! Let Op!**

*Let op, ek hou julle vandag 'n seën en 'n vloek voor. Deut. 11:26 – PWL<sup>1</sup>*

### **Torah : Deut. 11:26 tot 16:17**

- ❖ 'n Geloofslewe Van Keuses.
- ❖ **Deut. 11:26 tot 28** – Ons Het 'n Keuse!
- ❖ **Deut. 13:1 tot 18** – Om Beproof Te Word En Te Kies
  - **Deut. 13:1 tot 5** – Vals profete.
  - **Deut. 13:6 tot 11** – Familie en vriende.
  - **Deut. 13:12 tot 18** – Die Samelewing.
  - **Deut. 14:1 tot 21** – YHVH se voedselvoorskrifte.
  - **Deut. 14:22 tot 29** – Tiendes.
  - **Deut. 15:7 tot 18** – Gee Met 'n Oop Hand.
  - **Deut. 16:1 tot 17** – YHVH se Bestemde Tye.

### **Haftorah: Jes. 44:11 tot 45:5** – Die sinneloosheid van afgodery.

<sup>1</sup> PWL Vertaling (Pad van Waarheid tot die Lewe) kan gratis afgelaai word by [www.padwlewe.ch](http://www.padwlewe.ch)

## Herrnieude Verbond:

- ❖ **1 Joh. 4:1 tot 6; Matt. 7:15 en 24:11; 2 Pet. 2:1 tot 22** – Vals profete en leraars.
- ❖ **2 Kor. 5:9 tot 13 en 6:17; Open. 18:4** – Moenie soos die heidene wees nie.
- ❖ **Jak. 2:15 en 16; 1 Joh. 3:16 tot 18** – Die hulpbehoewendes.
- ❖ **Heb. 4:1 tot 11** – Ons ewige rus.
- ❖ **Rom. 2:5 tot 11** – Oordeel van die onregverdigdes.

*People don't care what you know until they know that you care* – Teddy Roosevelt

## Midrash (Torah Bespreking) 'n Geloofslewe Van Keuses

Ons hele geloofslewe, vanaf die dag van wedergeboorte, bestaan uit keuses – die keuse tussen gehoorsaamheid of ongehoorsaamheid aan YHVH se Torah. In hierdie week se *parashah* sê YHVH by monde van Moses aan Israel om te kies tussen seëninge (Torah-gehoorsaamheid) of vloeke (Torah-ongehoorsaamheid)! Kies met wysheid!! Die Almagtige eerbiedig elkeen se keuse!!

*Die Torah van YHVH is volmaak: dit verkwik die siel; die getuienis van YHVH is gewis: dit gee wysheid aan die eenvoudige. Ps. 19:8*

*Leer ons om ons dae so te tel dat ons 'n wyse hart mag bekom! Ps. 90:12*

Laat ons met eerbiedige ontsag en dankbare harte ons onderwerp aan Vader-God se liefdevolle onderrig – Sy Torah. Soos Moses vir oulaas die volk aan YHVH se Torah herinner het, kan ons ook vir 'n oomblik stilstaan en weer opnuut besin oor die betekenis van Torah. Kom ons doen hersiening van wat ons voorheen gehoor het.

Wanneer die woord *wet* in geloofsverband gebruik word, dink die meeste Christene aan die tien gebooe (Ex. 20:1 tot 17). Hierdie is egter slegs een betekenis van hierdie woord soos dit in die Skrifte gebruik word. Die Hebreuse woord *Torah* word vertaal as die *wet van God*. Torah beteken egter *die onderrig en instruksies van YHVH* en bevat ook die gedagte om rigting aan te dui. Die wet soos in Skriftuurlike verband gebruik word, is dus die Torah en is nie net die tien gebooe nie, maar *al die onderrig, instruksies en wysheid van YHVH soos in die Skrifte opgeteken is en wat vir gelowiges die rigting (pad) aandui*.

Torah kan vergelyk word met die liefdevolle onderrig van 'n vader van sy kinders. YHVH se Torah is dus Sy liefdevolle onderrig aan die wat Hy as Sy kinders aangeneem het.

Die tien gebooe kan beskou word as 'n *opsomming* van die Torah – die tien beginsels waarop Torah gebou is en wat in die eerste vyf boeke van die Skrifte breedvoerig bespreek word.

Waar die woord *wet* (*wette, law*) in die Skrifte gebruik word, sal die konteks van die bepaalde Skrifgedeelte bepaal of dit as wet, in die sin van 'n mensgemaakte wet, of as Torah,

in die sin van 'n wet (onderrig, instruksie en wysheid) van YHVH verklaar moet word. Vergelyk Gen. 47:26 (mensgemaakte wet) en Ex. 13:9 (Torah).

*En Josef het dit 'n wet (Hebreeus: chok) gemaak tot vandag toe vir die saaigrond van Egipte—die vyfde deel behoort aan Farao. Gen.47:26.*

*En dit moet vir jou as 'n teken wees op jou hand en 'n gedenkteken tussen jou oë, sodat die wet van YHVH (Torah) in jou mond mag wees; Ex. 13:9.*

Die volgende voorbeeld van Ps. 1:1 en 2 kan gebruik word as illustrasie van hoe 'n Skrif nuwe betekenis kry wanneer die verskil tussen wet en Torah verstaan word:

*Welgeluksalig is die man wat nie wandel in die raad van die goddelose en nie staan op die weg van die sondaars en nie sit in die kring van die spotters nie; maar sy behae is in die wet (**die Torah**) van YHVH, en hy oordink sy wet (**die Torah**) dag en nag.*

Hiervolgens is dit duidelik dat die mens wat 'n behae het in die onderrig en instruksies van YHVH en dit doen, welgeluksalig sal wees. Hierdie is veel meer as net 'n behae in die tien gebooue. Dit is 'n behae in die totaliteit van YHVH se Torah en Woord wat die rigtingwyser vir die mens se lewe is (Ps. 119:105).

Talle Christene is baie gou om te vertel dat hulle vry van die wet is, omrede hulle glo dat die genade die wet opgehef het. Om egter te verklaar dat jy vry van die wet is, is om te verklaar dat jy vry van YHVH se onderrig en instruksies is. Dit is inderdaad om te verklaar dat jy 'n ongehoorsame kind van Vader-God is, naamlik 'n wetsoortreder wat die liefdevolle onderrig van die Vader van die huishouding verwerp. Dit is om teen YHVH te rebelleer en die gevaar te loop om uit Vader-God se huishouding verban te word!!

Moses is die sinnebeeld van 'n vader wat sy kinders onderrig en instruksies gee van hoe om suksesvol in hierdie wêreld te oorleef. Daarom het Israel van ouds nie YHVH se Torah as 'n vloek beskou waarvan hulle vrygemaak moes word nie, maar as 'n geskenk en handleiding hoe om as geregverdigde onder die beskerming en voorsiening van YHVH te leef. Israel se behoefte was nie om vry te wees van Torah nie, maar hul behoefte was om gehoorsaam te wees sodat hulle nie voortdurend as oortreders van Torah skuldig staan nie.

Die probleem was dus nie YHVH se Torah nie, maar Israel se inherente onvermoë om Torah-gehoorsaam te wees. Dit is juis hiervan wat Torah getuig en waarvoor Torah voorsiening maak! Torah getuig van Yeshua Die Gesalfde Een wat as Profeet sal kom (Deut. 18:15 tot 22). Daarom het Yeshua self gesê dat Moses van Hom geskryf het (Joh. 5:46). So ook het Paulus aan Timotheus geskryf:

*Bly jy egter in daardie dinge wat jy geleer het en waarvan jy seker is, omdat jy weet van wie jy geleer het en omdat jy van kindsbeen af die afgesonderde Geskrifte geleer is wat jou wys kan maak tot die Lewe in die vertroue van Yeshua, Die Gesalfde Een. 2 Tim. 3:14 en 15 – PWL.*

Deur volkome Torah-gehoorsaamheid sou die mens geregtigheid kon verkry (Rom. 10:5). Volkome gehoorsaamheid, en om dus geregtigheid deur Torah-gehoorsaamheid te verkry, is egter menslik onmoontlik weens die mens se sonde aard en omdat elkeen wat een gebod oortree skuldig is aan oortreding van almal (Jak. 2:10). Die doel waarvoor YHVH Sy Torah gegee het, naamlik om geregtigheid te verkry, is egter wel deur Yeshua moontlik gemaak (tot stand gebring, volbring). Yeshua het as mens volkome Torah-gehoorsaam geleef en was dus

as YHVH se Verteenwoordiger en die mens se Middelaar die volmaakte offer vir sonde, want Hy was die onskuldige wat in die plek van die skuldige gesterf het. Daarom is volkome gehoorsaamheid aan Torah slegs moontlik deur geloof (vertroue) in Yeshua as die Messias. Deur hierdie geloof in Yeshua as die versoeningsoffer ontvang die mens geregtigheid deur Torah wat gepaardgaan met 'n hartsbegeerte van Torah-gehoorsaamheid. Dit is wat Moses en die profete verkondig het en dit is wat elke Israëliet onder die ou verbond geglo het wanneer daar telkens 'n offer vir oortreding van Torah (vir sonde) gebring was.

Deur vertroue in Yeshua as die Offerlam van YHVH-God is elkeen onskuldig onder die wet – **nie sonder die wet nie!!** Wanneer ons dan wel onder die wet sondig weens ons menslike swakhede, is daar telkens die genade van vergifnis indien ons berou het. As vry onder die wet leer en help die Afgesonderde Gees ons om Torah-gehoorsaam te lewe!

Israel onder die ou verbond is dus ook deur geloof (in die Messias wat sou kom) en gehoorsaamheid aan Torah gered. Die doel van die wet, naamlik om deur gehoorsaamheid geregtig verklaar te word, is slegs haalbaar deur geloof in Yeshua as Messias en daarom skryf Paulus: *Want Messias is die einde van die wet tot geregtigheid vir elkeen wat glo.* (Rom. 10:4). Die woord *einde* (Grieks: *telos*) beteken die *bereiking van dit waarvoor dit bedoel was* en nie die beëindiging (opheffing) daarvan nie. Daarom skryf Paulus: *Maak ons dan die wet tot niet deur die geloof? Nee, stellig nie! Inteendeel, ons bevestig die wet* (Rom. 3:31).

Die Israëliete wat Torah-gehoorsaam gelewe het, het Yeshua in Torah 'gesien' en geglo in die Verlosser wat sou kom. Daarom lees ons in Joh. 1:46 – *Filippus het Natánael gekry en vir hom gesê: Ons het Hom gevind van wie Moses in die wet en ook die profete geskrywe het: Yeshua, die seun van Josef van Násaret.* Hulle het nou die keuse gehad om Yeshua, die Lewende Torah, te volg of om hulle oë en ore vir die waarheid te sluit. Vandag het ons ook die keuse om in Yeshua, die vleesgeworde Torah, te glo wat al die onderrig en instruksies van YHVH kom bevestig het (Matt. 5:17 en 18) of om dit te verwerp deur te verklaar ons is vry van die wet!

In hierdie laaste boek van Moses herinner hy die volk daaraan dat hulle voortdurend voor die keuse te staan gaan kom van gehoorsaamheid of ongehoorsaamheid aan YHVH se onderrig en instruksies – Sy Torah! Vertroue in Yeshua tot redding, en gehoorsaamheid aan Torah tot seëninge. Alles slegs moontlik deur Yeshua Die Gesalfde Een!

### **Bepeins of Bespreek**

1. Is wedergeboorte wat 'n Torah-ongehoorsame lewe tot gevolg het 'n *miskraam* of 'n *gestremde kind*?
2. Aansluitend hierby is die vraag: *Beteken Torah-ongehoorsaamheid dat jy jou redding kwyd kan wees?* Wat van eenkeer gered, altyd gered? Vergelyk wat Paulus skryf in 2 Kor. 1:21 en 22; Efes. 1:13 en 14, Efes. 2:8 en 9 en Kol. 2:13 en 14 met dit wat Jakobus in sy brief (Jak. 2:14 tot 26) skryf. Is die basis van ons redding geloof sonder werke of geloof met werke? Is die antwoord nie in wat die definisie van geloof tot redding is nie, naamlik vertroue in Yeshua en getrouheid aan Torah?

### **Deut. 11:26 tot 28 – Ons Het 'n Keuse!**

*Let op, ek hou julle vandag 'n seën en 'n vloek voor: die seën as julle luister na die opdragte van יהוה, julle God, wat ek julle vandag beveel en die vloek as julle nie luister*

*na die opdragte van יהוה, julle God, nie, maar wegdraai van die pad wat ek julle vandag beveel, om agter ander gode aan te loop wat julle nie geken het nie (PWL)*

In verlede week se Torah-Skriflesing (parashah 46) het ons geleer dat die woord *ekev* beteken *omdat*, maar ook *hakskeen* en *voetspoor*. Ons het gesien dat *omdat* Israel Torah-gehoorsaam is, sal YHVH se seëninge op hulle hakke volg maar *omdat* hulle ongehoorsaam is, sal YHVH se oordele (vloeke) op hulle hakke volg. Twee teksverse wat die betekenis van *ekev* opsom is Deut. 7:12 en Deut. 8:19 en 20.

*Dan sal dit gebeur omdat jy hierdie wette gehoorsaam, hou en doen dat יהוה, jou God, Sy verbond en Sy onverdiende guns met jou sal hou wat Hy aan jou vaders gesweer het. Deut. 7:12 – PWL.*

*Dit sal wees dat as jy ooit יהוה, jou God, sal vergeet en agter ander gode aanloop, hulle dien en voor hulle neerbuig, dan getuig ek teen julle op hierdie dag dat julle vernietig sal word tot uitwissing, soos die nasies wat יהוה voor julle uit vernietig, so sal julle omkom omdat julle nie na die stem van יהוה, julle God, geluister en dit gedoen het nie. Deut. 8:19 en 20 – PWL.*

Gehoorsaamheid aan Torah sal die rede wees dat jy ook soos Dawid kan uitroep: *U goedheid en onverdiende guns sal my sekerlik volg al die dae van my lewe en ek sal vir ewig in die huis van יהוה bly (Ps. 23:6 PWL).*

Soos reeds genoem gaan ons geloofslewe en alledaagse lewe oor keuses. Elke dag bestaan uit keuses wat ons moet maak en ons almal het ondervinding van regte keuses en verkeerde keuses wat gemaak was. Die mens se wil (keuses) is soewerein en daarom eerbiedig YHVH die mens se wil (keuses). Die belangrikste keuse wat elke mens kan maak is om te glo in YHVH as die enigste en ware Lewende God en gehoorsaam te wees aan al Sy onderrig en instruksies (Torah). Laasgenoemde behels die onderrig en vertroue in Yeshua as die genadevoorsiening van vergifnis van oortreding van Torah en hoe om as ‘n geregverdigde te lewe en YHVH se seëninge te ontvang.

Daarom het YHVH aan Israel, en elke mens daarna, die keuse gegee om te kies tussen lewe (geestelik en fisies) of dood (geestelik en fisies) – tussen seëninge of vloeke (Deut 11:26 tot 28). Die gevolge van hierdie keuse het YHVH op ‘n sigbare wyse aan Israel gedemonstreer deur die berge Gerisim en Ebal (Deut. 11:29 en 30). Die naam Gerisim (גרזים) is afkomstig van die grondwoord *garaz* (גרז) en beteken om te *sny* of om *af te sny* soos wat die maaier tydens oestyd doen. Daarom is Gerisim ‘n sinnebeeld van vrugbaarheid (vrugbare oeste). Ebal (עיבל) se grondwoord (*abala* in Arabaies) beteken *ru*, *ruig*, *hobbelaagtig* en *klipperig* wat dui op dorheid en onvrugbaarheid.

Gerisim is dus ‘n sinnebeeld van die seëninge (vrugbaarheid) wat volg op Torah-gehoorsaamheid, terwyl Ebal ‘n sinnebeeld is van die dorheid en onvrugbaarheid van ongehoorsaamheid aan YHVH se onderrig en instruksies. Verwys Psalm 1 en Jos. 1:8. Lewe is Torah en dood is verwerping van Torah.

‘n Torah-gehoorsame lewe is ‘n lewe in oorfloed, terwyl ongehoorsaamheid ‘wettige’ geleentheid aan die dief bied om te kom om te steel, te slag en te verwoes (Joh. 10:10). Toe Yeshua hierdie woorde gespreek het, het Hy nie net verwys na sy versoeningswerk aan die folterpaal nie, maar ook na die feit dat Hy die Lewende Torah is wat gekom het dat ons lewe in oorfloed kan ervaar.

Vader-God wil hê ons moet kyk (*re'eh*) na die geskiedenis van Israel sodat ons nie dieselfde foute begaan nie, maar die regte keuses kan maak (Rom. 15:4; 1 Kor. 10: 1 tot 11). Enige keuse wat nie Torah-gefundeer is nie, is afgodery, want dit is 'n keuse om 'n ander god as die ware en lewende God te dien. Dit is om die dood bo die lewe te kies. Sonde is om te faal in jou verhouding met YHVH, want jy het verkeerde keuses gemaak. Die doel van Torah is ondermeer om ons te leer hoe ons verhouding met Vader-God en ons medemens moet wees, sodat ons die regte keuses kan maak. Torah leer ons hoe om tussen seëninge en vloeke (oordele) te onderskei sodat ons die regte keuse kan maak.

### **Bepeins of Bespreek**

1. Statistiek bewys dat daar nie 'n verskil is tussen Christene en nie-Christene t.o.v. die voorkoms van siektes, egskeidings, aborsies, dwelmverslawing, ens. nie. Hoekom?? Het dit dalk te doen met die keuse tussen gehoorsaamheid of ongehoorsaamheid aan Torah?
2. Beide Gerisim en Ebal is steeds vandag 'n duidelike uitbeelding van seëninge en vloeke – 'n lewe van seën teenoor die barre lewe daarsonder. Vandag kan elke inwoner van, en besoeker aan Israel, kyk en sien (*re'eh*) dat beide berge feitlik langs mekaar geleë is en aan dieselfde weerstoestande blootgestel word en tog is Gerisim oortrek met plantegroei en Ebal dor en klipperig. Is dit nie voldoende bewys dat Torah waar is, asook dat Torah vandag steeds geldig is nie?
3. *The Torah itself clearly states in many places that its laws are eternal, never to be abolished. And even the Christians acknowledge that the Jewish Bible is the word of God. If the Torah is eternal and Jesus himself claims to have no intention of abolishing or changing it, why do the Christians [disregard the commandments] ...which are clearly spelled out in the Torah? (Pinchas Stolper, The Real Messiah).*

### **Deut. 13:1 tot 18 – Om Beproof Te Word En Te Kies.**

*Julle moet יהיה, julle God, volg, Hom respekvul vrees, Sy opdragte hou, Sy stem gehoorsaam, Hom dien en aan Hom vashou. Deut. 13:4 – PWL.*

YHVH gaan ons beproef deur situasies waar ons die keuse sal moet maak of ons Hom lief genoeg het om Hom te volg, respekvol te vrees, Sy opdragte te hou, Sy stem te gehoorsaam, Hom te dien en aan Hom vas te hou. Paulus bevestig dit in sy brief aan Timotheus: *Let op jouself, dat jy jouself volmaak voor God aanbied, as 'n werker wat hom nie hoef te skaam nie, wat die boodskap van die waarheid reguit verkondig* (2 Tim. 2:15 PWL). Om jou volmaak voor God aan te bied, beteken dat jou liefde vir Vader-God beproef (getoets) is en om die boodskap van die waarheid reguit te verkondig, of reg te sny, naamlik om die Woord reg te verstaan, te verduidelik en in jou lewe toe te pas.

Yeshua self het gesê dat dit onvermydelik is dat struikelblokke oor ons lewenspad gaan kom (Matt. 18:7; Luk. 17:1), maar *as jou hand of jou voet jou laat struikel, kap dit af en gooi dit weg van jou af; dit is vir jou beter om in die lewe in te gaan, kreupel of vermink, as om twee hande of voete te hê en in die ewige vuur gewerp te word. En as jou oog jou laat struikel, ruk dit uit en werp dit weg van jou af. Dit is vir jou beter om met een oog in die lewe in te gaan, as om twee oë te hê en in die helse vuur gewerp te word* (Matt. 18:9 en 10).

Uiteraard moet ons eerstens kies wie is die god wat ons dien en aanbid. Is dit die God van Abraham, Isak en Jakob wat Israel uit Egipte gelei het, of is dit 'n selfgemaakte afgod? Daarom is die eerste van die tien gebooië: *Ek is YHVH jou God wat jou uit Egipteland, uit die slawehuis, uitgelei het* (Ex. 20:2). Indien ons kies om hierdie God te dien dan moet ons 'n bewaker (*sh'mar*) van Torah wees deur dit te doen (*asah*) wat ons hoor (*sh'ma*) (Deut. 11:32; Deut. 12:28). Dit is om lewe te kies en dit is om YHVH se seëninge deelagtig te wees!!

Tweedens moet ons kies hoe ons Hom gaan dien. Die hoe word deur Moses in Deuteronomium hoofstuk 12 vir ons beskryf en word in verse 29 tot 32 opgesom.

*Wanneer יהוה, jou God, die nasies waarheen jy gaan, om hulle te onteien, voor jou afsny en jy hulle onteien het en in hulle land bly, let op, dat jy nie in die strik val om hulle te volg, nadat hulle voor jou uit vernietig is nie en dat jy nie na hulle gode vra en sê: 'Hoe het hierdie nasies hulle gode gedien, dat ek dit ook so kan doen?' nie. Jy mag dit nie doen aan יהוה, jou God, nie, want alles wat vir יהוה verwerplik is, wat Hy haat, het hulle vir hulle gode gedoen, want hulle het selfs hulle seuns en hulle dogters in die vuur verbrand vir hulle gode. Wat ek julle ook al beveel, dit moet julle doen; jy mag daar niks byvoeg en daar niks van wegvat nie*  
(PWL)

Die offer van Kain en die vreemde vuur wat Nadab en Abihu voor YHVH gebring het behoort vir ons 'n ernstige waarskuwing te wees, asook die aanvanklike wyse wat Dawid die verbondsark na Jerusalem wou terugbring. Ten opsigte van die hedendaagse kerk het Spurgeon gevra: *Is it feeding the lambs or entertaining the goats?*

Ons liefde vir YHVH en medemens gaan op verskeie wyses ook beproef word – situasies waar ons sal moet kies. Hierdie beproewing gaan ondermeer kom ten opsigte van vals profete, ons geliefdes, die samelewing, wat ons eet, die gee van tiendes, vergifnis, barmhartigheid en YHVH se feestye (Deut. 13:1 tot 16:17).

### **Vals Profete (Deut. 13:1 tot 5)**

Die eerste struikelblok en keuse wat in Deut. 13:1 tot 5 genoem word, is die keuse, en die onderskeiding, tussen 'n vals profeet en 'n ware profeet van YHVH.

*As 'n profeet of een wat drome droom tussen julle opstaan en julle 'n teken of 'n wonder gee en die teken of wonder kom waar wat hy jou gegee het met die woorde: 'Laat ons agter ander gode aan loop, wat jy nie geken het nie en hulle dien, dan moet jy nie luister na die woorde van dié profeet of na dié man wat drome droom nie, want יהוה, julle God, toets julle om te weet of julle יהוה, julle God, liefhet met julle hele verstand, wil en emosie en met julle hele gees en lewe. Deut. 13:1 tot 3 – PWL.*

Vals profete mislei mense weg van YHVH se onderrig en instruksies (Torah) en om dus 'n ander god as YHVH te dien. In die verband voorsien ons artikel *Die Bonatuurlike en Misleiding*, meer inligting.

<http://nuwelied.info/wp-content/uploads/2013/08/GB7.Aug13BonatuurlikeMisleiding.pdf>

Wanneer 'n vals profeet se bediening met tekens en wonders gepaardgaan, is die misleiding soveel groter, want mense is geneig om dit as bevestiging van die waarheid te beskou! Daarom gee Moses opdrag om die vals profete dood te maak.

*Dié profeet of dié man wat drome droom, moet doodgemaak word, want hy het rebellie verkondig teen יהוה, julle God, wat julle uit Egipteland uitgebring en jou uit die huis van slawerny losgekoop het, om jou van die pad af te verlei waarop יהוה, jou God, jou beveel het om te loop. So moet jy die boosheid uit jou midde verwyder. Deut. 13:5 – PWL.*

Die pad wat YHVH vir Israel beveel het om te loop, en dus ook vir ons, is die nou poort en smal pad (Matt. 7:14) van gehoorsaamheid aan Torah. Ons mag nie links of regs afwyk van hierdie pad nie.

*Sorg dan dat julle doen soos YHVH julle God julle beveel het; julle mag nie regs of links afwyk nie. Deut. 5:32*

*Maar julle moet daar baie vas by staan om sorgvuldig te doen alles wat geskrywe staan in die wetboek van Moses, dat julle daar nie regs of links van afwyk nie; Jos. 23:6*

Dit beteken ook dat YHVH ons gaan beproef met geestelike leiers wat oor ons pad gaan kom. Gaan ons YHVH se maatstaf van 'n herder (leier), naamlik liefde vir YHVH wat deur Torah-gehoorsaamheid bevestig word, gebruik in ons besluit om onder 'n geestelike leier se gesag te staan of gaan sy goeie bedoelings, charisma en ander menslike hoedanighede ons besluit bepaal? Onthou:

- ❖ 'n Geestelike leier wat verkondig dat die Torah opgehef is, is 'n vals leraar / herder / profeet, en
- ❖ Yeshua sou 'n vals profeet en 'n vals goeie herder gewees het indien Hy iets anders sou verkondig het as wat Moses verkondig het!!

Dan moet ons ook nie Simon die Towenaar vergeet wat deur klein en groot aangehang was en van wie hulle gesê het dat Hy is die groot krag van God (Hand. 8:9 en 10). Hy was egter 'n vals gesant van YHVH wat mense mislei het (verse 18 tot 23)!!

### **Familie En Vriende (Deut. 13:6 tot 11)**

Die tweede struikelblok en keuse wat in Deut. 13:6 tot 11 genoem word, is ten opsigte van familie en vriende.

*As jou broer, die seun van jou moeder, of jou seun of jou dogter of die vrou wat naby jou is, of jou vriend wat soos jou eie lewe is, jou in die geheim verlei en sê: 'Laat ons gaan en ander gode dien, wat jy en jou vaders nie geken het nie, uit die gode van die volke wat rondom julle is, naby jou of ver van jou af; van die een einde van die aarde tot by die ander einde van die aarde,' dan moet jy nie inwillig en nie na hom luister nie; ook mag jou oog hom nie jammer kry nie en jy mag hom nie spaar en niks om sy ontwil wegsteek nie, maar jy moet hom tot die dood teregstel; jou hand moet eerste teen hom wees om hom dood te maak en daarna die hand van die hele volk.*

Ons geliefdes en vriende is 'n baie moeiliker toets of ons YHVH lief genoeg het om Hom te volg, respekvol te vrees, Sy opdragte te hou, Sy stem te gehoorsaam, Hom te dien en aan Hom vas te hou. Yeshua het ook hierna verwys toe Hy aan Sy dissipels gesê het:



*Moenie dink dat Ek gekom het om vrede op die aarde te bring nie. Ek het nie gekom om vrede te bring nie, maar die swaard. Want Ek het gekom om tweedrag te verwek tussen 'n man en sy vader, en tussen 'n dogter en haar moeder, en 'n skoondogter en haar skoonmoeder. En 'n mens se huisgenote sal sy vyande wees. Wie vader of moeder bo My liefhet, is My nie waardig nie; en wie seun of dogter bo My liefhet, is My nie waardig nie. Matt. 10:34 tot 37*

Ons geliefdes kan ons baie makliker laat struikel om nie Torah-gehoorsaam te wees nie as valse profete, want ons hart is baie meer betrokke. So maklik kan ons toelaat dat ons intieme mensverhoudings en bloedverwantskap voorkeur geniet bo liefde vir en gehoorsaamheid aan Vader-God. Nietemin word van ons dieselfde optrede teenoor ontroue geliefdes en vriende verwag as teenoor valse profete, naamlik:

*.... jy moet hom sekerlik doodmaak; jou hand moet eerste teen hom wees om hom dood te maak, en daarna die hand van die hele volk. En jy moet hom stenig, dat hy sterwe; want hy het probeer om jou weg te drywe van YHVH jou God wat jou uit Egipteland, uit die slawehuis, uitgelei het. Deut. 13:9 en 10.*

### **Die samelewing (Deut. 13:12 tot 18)**

'n Verdere keuse is ten opsigte van die samelewing! Die opdrag in Deut. 13:12 tot 18 kan ons nie letterlik uitvoer nie. Dit beteken egter nie dat ons hierdie Skrifgedeelte kan ignoreer nie. Nee, ons elkeen het steeds die verantwoordelikheid om daadwerklike pogings aan te wend om in die samelewing waarin ons lewe, rebellie teen YHVH se gesag te beveg of om dit bloot te ignoreer. Dit wat rebellie teen Torah is, moet ook gesien word as 'n gruwel in YHVH se oë en ons moet dit ook met die banvloek tref.

Onthou ons het die Swaard van die Woord

*En neem aan die helm van verlossing en die swaard van die Gees—dit is die woord van God. Efes. 6:17*

*Want die woord van God is lewend en kragtig en skerper as enige tweesnydende swaard, en dring deur tot die skeiding van siel en gees en van gewrigte en murg, en is 'n beoordelaar van die oorlegginge en gedagtes van die hart. Heb. 4:12*

### **Bepeins of Bespreek**

1. Hoe hanteer en interpreteer ons onder die hernieuwe verbond die opdrag om die valse profete, ons geliefdes en vriende, asook ons stede (samelewing) wat ons weglei van Torah-gehoorsaamheid dood te maak en te vernietig?
  - Miskien moet ons eerstens vra of dit werklik onder die ou verbond tot die letter uitgevoer was – veral deur individue wat reg in eie hande geneem het? Ons moet ook herinner word aan die woorde van Yeshua aan die vrou wat owerspel gepleeg het toe Hy aan die wat haar beskuldig het gesê het: *Laat dié een van julle wat sonder sonde is, die eerste 'n klip op haar gooi* (Joh. 8:7). Het ons almal nie geestelike owerspel gepleeg en teen YHVH gerebelleer nie? Volgens Kol. 2:14 is ons skuldbrief is aan die kruis vasgenaël, maar dit is nie 'n vrypas om met klippe te gooi nie!! Maar dan moet

ons ook herinner word aan die optrede van Pinehas wat met die ywer van YHVH opgetree het (*Parashah* 41).

- Tweedens moet ons verstaan dat daar in Israel ‘n gesagstruktuur in plek was wat ondermeer as ‘n geregshof (regbank) gedien het en wat uitspraak oor sake moes lewer. Elkeen kon nie net die gereg in eie hande geneem het nie!!

### YHVH se Voedselvoorskrifte (Deut. 14:1 tot 21)

‘n Verdere toets en keuse waarmee elkeen gekonfronteer sal word, is ten opsigte van dit wat YHVH as voedsel vir die mens beskou (Levitikus 11 en Deut. 14:1 tot 21). Ons het reeds in parashah 26 (*Shemini*) YHVH se voedselvoorskrifte bespreek, maar hersiening hiervan is ook gepas soos wat ons die einde van die jaarlikse Torahsiklus nader.

Wanneer daar van YHVH se voedselvoorskrifte gepraat word, is die reaksie by die meerderheid Christene dat dit nie van toepassing op hulle is nie. Die rede wat aangevoer word, is die siening dat hulle vry van die wet (die Torah) is, omrede geglo word dat die genade die wet tot niet verklaar het. Diegene wat hierdie standpunt huldig behoort hulself egter die volgende te vra: Is hierdie wette slegs vir ‘n geestelike doel deur YHVH ingestel of is daar moontlike ander redes voor gewees? Hierdie vraag behoort gevra te word in die lig daarvan dat Vader-God die belange van Sy kinders altyd eerste stel. Is hierdie voedselvoorskrifte nie moontlik ook vir die welsyn van die mens nie?

YHVH gee sy wette (onderrig en instruksies) vir ons met goeie rede. Ons verstaan miskien nie altyd die rede of doel daarvan nie, maar ons weet Hy is ‘n liefdevolle Vader wat die welsyn van Sy kinders voorop stel. Hierdie feit behoort genoeg rede te wees om in alles aan Hom gehoorsaam te wees. Ons moet aanvaar en besef dat Hy beter as ons weet wat vir ons goed is.

‘n Woord wat die wil van Vader-God vir sy kinders die beste beskryf is “wel-geluk-salig” (Ps. 1:1; Ps. 2:12; Ps. 31:1 en 2; Ps. 33:12). Hierdie woord beskryf die **welsyn** (wel, welstand), die **vreugde** (geluk) en die **geseëndheid** (salig) van die mens wat Torah-gehoorsaam leef. Dit is die wil van Vader-God dat ons elkeen na gees, siel en liggaam volkome heel (onbeskadigd, ongedeerd, veilig, gesond) sal wees, naamlik **wel-geluk-salig**. Die welgeluksaligheid van die gees, die siel en die liggaam is afhanklik van waarmee dit gevoed word. Daarom is die spreuk waar: *Jy is wat jy eet*. Die geestes-, siels- en liggaamlike toestand van die mens is direk gekoppel aan dit waarmee hy geestelik en intellektueel (met sy oë en ore) gevoed word en letterlik (met die mond) eet.

YHVH as die Skepper van die menslike liggaam, weet wat nodig is vir die geestelike-, siels- en liggaamlike welgeluksaligheid (welsyn) van die mens. Torah leer ons dus om te kan onderskei tussen rein en onrein, tussen heilig en onheilig, tussen reg en verkeerd en tussen voordelig en nadelig. Torah bevat die voorskrifte van ons geestelike-, siels en liggaamlike “voedsel” wat ons daagliks moet “eet” om welgeluksalig te kan leef.

In Levitikus 11 en Deuteronomium 14 leer ons wat volgens Torah as rein diere en wat as onrein diere beskou moet word. Hiervolgens mag die mens van die rein diere eet, terwyl die eet van onrein diere as ‘n gruwel beskou word (Deut. 14:3).

Elkeen wat volgens die begeertes van die vlees “eet” om sodoende die gees, siel en liggaam te bevredig, sal sekerlik die gevolge daarvan dra. Dit is alleenlik wanneer die siel versadig is met Torah (Yeshua) dat die mens ware vryheid, vreugde en intimiteit met YHVH elke dag ervaar. Dan word ons, soos ons aardsvader Abraham, ‘n vriend en vertroueling van God (Jak. 2:23). Dan sal ons versadig word met die goeie van Sy huis en die heiligheid van sy paleis (Ps. 65:5). Dan sal ons welgeluksalig wees.

Wat ons eet is ook ‘n toets of ons YHVH lief genoeg het om Hom te volg, respektvol te vrees, Sy opdragte te hou, Sy stem te gehoorsaam, Hom te dien en aan Hom vas te hou. Voedsel is ‘n toets of ons eerder die vlees gaan bevredig as om YHVH te gehoorsaam!

‘n Studie oor YHVH se voedselvoorskrifte kan afgelaai word deur op die volgende skakel te klik: <http://nuweliid.info/?cat=13>

### **Bepiens of Bespreek**

1. Om alles in Torah nougeset te onderhou is nie maklik nie, veral as dit kom by die oortredinge deur ons gedagtes en woorde. Die voedselvoorskrifte is egter van die “maklike” instruksies, want dit behels slegs ‘n wilsbesluit, naamlik: Ek weier om dit te eet wat onrein is. Dit is iets wat jy maklik fisies kan doen. Tog, is die voedselvoorskrifte van Abba, Vader, die een gedeelte van Torah wat die meeste Christene sonder aarseling of twyfel oortree. Is dit net blote onkunde?
2. Hoekom het die bese te wat Yeshua Messias uit die twee besetenes van Gadara gedryf het in ‘n trop varke gevaar (Matt. 8:28 tot 34). Is dit nie omdat bese te onrein geeste is wat tuis sal voel in onreine diere (varke) nie? Is dit toevallig?
3. As voedselwetenskaplike kan ek bevestig dat die diere wat deur Vader as onrein verklaar is, as voedsel vir die mens sekere gesondheidsgevaare inhou! Hierdie dien as bewys dat YHVH se Torah vir die welsyn van die mens is! Soos enige vader sy kinders leer om gesond te eet, net so wil Vader-God ons leer wat is gesonde en ongesonde voedsel.

### **Die Gee van Tiendes (Deut. 14:22 tot 29)**

*Jy moet sekerlik ‘n tiende gee van al die opbrengs van die saad wat die land jaar vir jaar voortbring. Jy moet voor die Teenwoordigheid van יהוה, jou God, op die plek wat Hy sal kies om Sy Naam daar te laat woon, die tiendes eet van jou koring, van jou nuwe wyn en van jou olie en die eersgeborenes van jou beeste en van jou kleinvee, dat jy kan leer om יהוה, jou God, altyd respektvol te vrees. Deut. 14:22 en 23 – PWL.*

Die gee van tiendes is ook ‘n saak van keuse. Volgens Torah is die gee van tiendes aan die Leviëte (priesters) en vir die instandhouding van die tempel prioriteit. Verwys ook ondermeer na Gen. 14:20; Lev. 27:32; Num. 18:26 en Deut. 12:11.

Indien jy egter nie na Jerusalem kan gaan nie, gee YHVH elkeen die volgende keuse:

*As die pad vir jou te lank is, as jy dit nie kan vervoer nie omdat die plek wat יהוה, jou God, sal kies om Sy Naam (Karakter en Outoriteit) daar te vestig, te ver van jou af is, wanneer יהוה, jou God, jou geseën het, dan moet jy dit ruil vir geld, die geld in jou hand vat en na die plek gaan wat יהוה, jou God, sal kies. Jy moet die geld spandeer op alles wat jou gees begeer, vir beeste, kleinvee, wyn, sterk drank, vir alles wat jou gees van jou begeer en jy moet daar*

*et voor die Teenwoordigheid van יהוה, jou God en vol vreugde wees, jy en jou huis. Deut. 14:24 tot 26 - PWL*

YHVH is egter baie duidelik dat die Leviet wat in jou poorte is, asook die vreemdeling, en die wat wees is en die weduwee nie vergeet mag word nie, maar moet deel hê in dit wat YHVH jou mee geseën het (Deut. 14:27 tot 29).

Die gee van tiendes en offerandes is 'n geestelike beginsel wat die seëninge van YHVH verseker. Maar die gee van tiendes, soos wat dit geld onder die hernieuwe verbond, word gereeld gedebateer, veral omrede daar nie 'n tempel en priesterorde is nie. Ons moet egter altyd die geestelike beginsel van gee onthou. Salomo som dit soos volg op:

*Vereer יהוה met jou besittings en met die eerste vrugte van al jou inkomste en jou skure sal vol gemaak word met oorfloed en jou parskuipe sal oop bars van nuwe wyn. Spr. 3:9 en 10 – PWL.*

### **Bepeins of Bespreek**

1. Teenswoordig is daar nie 'n tempel in Jerusalem nie, asook nie funksionerende priesters nie. Vandag is ons die tempel van YHVH. Is die hedendaagse herders wat Torah-gehoorsaam leef en wat Torah-gehoorsaamheid verkondig die 'tydelike' priesters tot daar weer 'n tempel sal wees? Word ons tempel (liggaam) instand gehou wanneer ons 'n tiende gee vir die funksionering van 'n Torah-gemeente?

### **Gee met 'n oop hand (Deut. 15:7 tot 18)**

*As daar by jou, een uit jou broers, 'n behoefte is in een van jou dorpe, in jou land wat יהוה, jou God, jou gee, dan moet jy nie jou binneste verhard en jou hand toemaak vir jou behoefte broer nie, maar jy moet jou hand vrylik oopmaak vir hom en aan hom genoegsaam leen vir sy behoefte, waarin hy ook al tekortkom. Deut. 15:7 en 8 – PWL.*

Elkeen het die keuse om vir die armes te sorg. Volgens Torah is dit 'n opdrag en is dit een van die belangrike boustene van Torah. Barmhartigheid (liefdadigheid) is een van die hoedanighede van YHVH wat ons moet navolg om gelykvormig te word na Sy beeld en na Sy gelykenis.

Wanneer ons uit barmhartigheid gee, dan moet ons dit op 'n wyse doen wat die een hand nie weet wat die ander hand doen nie (Matt. 6:1 tot 4). Dit is beter om aan iemand niks te gee as om te gee op 'n wyse wat die ontvanger in die verleentheid stel!

Die armlastige doen meer vir die gewer as die gewer vir die armlastige! Hoekom? Want die armlastige gee vir die gewer geleentheid om gehoorsaam te wees aan een van YHVH se gebooie! Daarom behoort ons met blymoedigheid te gee, want dit is 'n geleentheid om aan Vader-God terug te gee van dit wat Hy ons mee geseën het.

Die gemeente van Handelingte was gekenmerk deur hulle liefdadigheid. Paulus som dit soos volg op: *Ek het julle in alles getoon dat ons deur so te arbei die swakkes moet help en die woorde van die Meester Yeshua moet onthou, dat Hy gesê het: Dit is saliger om te gee as om te ontvang (Hand. 20:35).*

### **Bepeins of Bespreek**

1. In die Talmud is geskrywe: *Everybody is obliged to give charity; even one who himself is dependent on charity should give to those less fortunate than himself* (b.Gittin 7a). Terwyl dit waar is dat jy altyd iemand sal teenkom wat minder geseënd as jy is, is die vraag of jy soveel moet gee dat jou geliefdes 'n tekort het? Wat van *charity begins at home?* (Wat die naaste lê, moet die swaarste weeg). Is die vraag hoeveel moet ek gee, of is die vraag hoeveel meer kan ek gee?
2. *What does love look like?*

*It has the hands to help others. It has the feet to hasten to the poor and needy. It has eyes to see misery and want. It has the ears to hear the sighs and sorrows of men. That is what love looks like – Augustine*

*You can give without loving, but you cannot love without giving – Amy Carmichael*

*The desire of love is to give. The desire of lust is to take – Unknown*

*Truth without love is brutality, and love without truth is hypocrisy – Warren Wiersbe*

*You will find as you look back upon your life that the moments when you have truly lived are the moments when you have done things in the spirit of love – Henry Drummond*

### **YHVH se Bestemde Tye (Deut. 16:1 tot 17)**

*Onderhou die maand Aviv en hou die Pesag tot יהוה, jou God, want in die maand Aviv het יהוה, jou God, jou in die nag uit Egipte uitgebring (Deut. 16:1)*

Ons het elkeen ook die keuse of ons die jaarlikse afspraak wat Vader-God met ons het gaan nakom en of ons dit verwerp omrede geglo word dat dit uitgedien is.

Die Bestemde (aangewese) Tye (feestye) van YHVH is reeds in parashah 31 (*Emor*) bespreek. Aangesien Moses egter in hierdie week se parashah Israel herinner aan die feestye van YHVH wat die jaarlikse afspraak van God met hulle is, is dit ook gepas dat ons ook hieraan herinner moet word. Dit is veral belangrik in die lig van die naderende derde feesseisoen van *Sukkot*.

Die Bestemde Tye van YHVH (Levitikus 23) word in drie feesseisoene verdeel, naamlik:

- ❖ *Pesag* wat bestaan uit drie opeenvolgende feeste, naamlik: Paasfees (Pasga), Fees van Ongesuurde Brode en die Fees van die Eerstelingsgerf (Eerstelinge).
- ❖ *Shavuot* ook bekend as Pinksterfees (Fees van Weke).
- ❖ *Sukkot* ook bekend as die Loofhuttefees wat bestaan uit drie opeenvolgende feeste, naamlik die Fees van Trompette (*Yom Teruah* en ook bekend as *Rosh Hashanah*), Die Dag van Versoening (*Yom Kippur*) en die Fees van Tabernakels (*Sukkot*). Die Agste Dag (*Sh'meni Atzeret*) volg direk na die laaste dag van Sukkot en word as deel van die laaste feesseisoen beskou.

Volgens Gen. 1:14 en Lev. 23:1 tot 4 is dit duidelik dat YHVH 'n kalender van vaste tye het. Hierdie vaste tye is nie net die siklus van dae, weke, maande en jare nie, maar ook van bepaalde afsprake en byeenkomste wat deur YHVH self vasgestel en ingestel is.

Hierdie afsprake en byeenkomste op YHVH se kalender is die feestye van YHVH en is afgesonderde (heilige) samekomste – *feestye en heilige vierdae (samekomste)* (Lev. 23:2).

- ❖ **Die feestye (mo'edim)** se korrekte betekenis is die *Bestemde (Vaste of Aangewese) Tye van YHVH (Appointed times of YHVH)* en kan ook uit Gen. 1:14 afgelei word. Dit is nie godsdienstige feeste soos wat in die heidendom gesien word nie. Nee, dit is 'n YHVH-gerigte afspraak met die Skepper. Die bedoeling is nie om YHVH *tevrede te stel nie (to pacify)*, maar 'n ontmoeting waar YHVH sekere heilswaarhede opnuut aan Sy volk bevestig.
- ❖ **Heilige vierdae (samekomste) (miqra'ot)** kan vergelyk word met 'n kleedreptisie waar YHVH se reddende genade van die verlede, die hede en die toekoms telkens (jaarliks) inge oefen word. Vir die doel word sekere dae deur YHVH opsy gesit en afgesonder (geheilig).

Elk van die sewe feestye is 'n profetiese afbeelding van YHVH se totale reddingsplan; 'n Plan wat reeds van die begin af bestaan het (Ef. 1:3 tot 11). Hierdie feeste is 'n afbeelding van dit wat reeds gebeur het, dit wat tans gebeur en dit wat nog gaan gebeur in YHVH se plan om die verhouding tussen Hom en die mens te herstel tot soos dit was voor die sondeval (Kol. 2:16 en 17 en Heb. 8:5). Elk van hierdie feestye is 'n afbeelding en verteenwoordigend van 'n stap in YHVH se reddingsplan en die herstel van Sy skepping.

Die eerste vier, naamlik Pesag, Fees van Ongesuurde Brode, Fees van die Eerstelingsgerf en Pinksterfees is reeds in Yeshua Messias met Sy eerste koms na die aarde vervul:

- ❖ Hy is die Paaslam wat vir ons geslag is om ons te bevry van die slawejuk van sonde.
- ❖ Hy is die ongesuurde brood; die Een sonder sonde en die Brood van die Lewe wat in al ons behoeftes van gees, siel en liggaam voorsien.
- ❖ Hy is YHVH se eerstelingsgerf; die eerste om uit die dood op te staan en die eerste van YHVH se siele-oes wat deur die genade in Yeshua ingesamel word.
- ❖ Hy het opgevaar na die hemel sodat ons die Afgesonderde Gees kon ontvang om hier op aarde as geregverdigdes in krag en gehoorsaamheid volgens YHVH se onderrig en instruksies (Torah) te leef.

Die laaste drie feeste, naamlik die Fees van Trompette, die Dag van Versoening en die Fees van Tabernakels is 'n heenwysing na Yeshua se wederkoms as die Koning van konings en as die Leeu van Juda – die Een wat YHVH se parskuip sal trap (Open. 19:15) en wat kom om hier op aarde vir ewig te regeer. Daarom is hierdie laaste feesseisoen van so groot belang en moet ons die betekenis daarvan verstaan. Hierdie laaste drie feeste staan gesamentlik bekend as die Loofhuttefees (*Sukkot*). Dit begin met die Fees van Trompette, gevolg deur die Dag van Versoening en laastens die Fees van Tabernakels. Dit is 'n heenwysing en afbeelding van eindtyd gebeure en van die wederkoms van ons Messias, asook die wegraping. Dit is 'n

kleedreptisie vir die afspraak wat YHVH die Almagtige nie net met Sy volk het nie, maar ook met die mensdom.

Vader-God het dus ‘n kalender waarin Hy sekere afsprake met Sy volk (kinders) gedagboek het. Hierdie jaarlikse afsprake is ewigdurend en elkeen het ‘n uitnodiging om dit te aanvaar of te verwerp.

### ***Teshuvah***

YHVH se laaste afspraak in die jaarlikse siklus van bestemde tye word vooraf gegaan deur ‘n tydperk bekend as *Teshuvah*. Volgens die Joodse kalender is die aanvang van *Teshuvah* altyd op die eerste dag van die maand Elul en eindig op die Dag van Versoening (*Yom Kippur*) – ‘n tydperk van 40 dae.

Die tien dae tussen *Yom Teruah* (Fees van Trompette) en *Yom Kippur* (Dag van Versoening) staan bekend as die *Dae van Ontslag* (*Days of Awe*). Volgens Judaïsme word geglo dat in hierdie tien dae periode word die hekke van die hemel geopen en dan weer op *Yom Kippur* gesluit. Hulle glo ook dat dit dié tyd is wanneer YHVH belangrike besluite aangaande die komende jaar neem. Hierdie mag wel net tradisie wees, maar dit dien vir elkeen as herinnering dat ons daagliks so moet lewe dat die hekke van die hemel nooit vir ons gesluit word nie

Volgens tradisie word ook geglo dat Moses op die 1 Elul die berg Sinai opgegaan het om die tweede stel tien gebooe te ontvang na die gebeure rondom die goue kalf. Hiervolgens het hy op die 10 Tishri, op *Yom Kippur*, teruggekeer nadat versoening tussen YHVH en Israel weer bewerkstellig was. Moses was dus ‘n totaal van 40 dae op die berg – die tydperk van *Teshuvah* waartydens die volk hulself ondersoek en berou getoon het.

*Teshuvah* beteken *terugkeer*. Dit is om met berou en verootmoediging terug te keer nadat selfondersoek gedoen is van die mate van Torah-gehoorsaamheid. *Teshuvah* is om terug te keer na die antieke paaie wat die goeie weg is (Jer. 6:16).

*So sê יהוה: “Staan langs die pad en kyk en vra na die ou paaie, waar die goeie pad is en loop daarin en julle sal rus vind vir julle lewe, maar hulle het gesê: ‘Ons sal nie daarin loop nie. (PWL)*

### **Bepeins of Bespreek**

1. Ons is die bruid van Yeshua en hierdie verhouding kan met die tradisionele Joodse huwelik vergelyk word. Volgens Joodse gebruik keer die bruidegom na die verlowing eers terug na sy vader se huis om ‘n bruidskamer vir sy bruid te bou. Eers na voltooiing en goedkeuring deur die vader, sal die bruidegom sy bruid in die nag gaan haal. Hy kondig sy koms ook deur basuingeklank aan. Maar van die presiese dag en die uur weet sy bruid nie, maar sy moet te alle tye haar gereed hou met ‘n oilelamp wat in haar venster brand as teken van haar gereedheid.

1.1. Yeshua het ook gegaan om vir ons, Sy bruid, ‘n plek voor te berei (Joh. 14:2). Hy sal ons ook kom haal, maar van die presiese dag en uur weet niemand nie (Matt. 24:36). Die bruid moet haar egter te alle tye gereed hou vir die koms van die Bruidegom. Die Bruidegom sal Sy aankoms met die blaas van ‘n ramshoring (shofar) aankondig

(1 Kor. 15:51). Dit is die teken vir die bruid dat die uur van haar huwelik aangebreek het. Hy kom haal Sy bruid soos 'n dief in die nag (1 Thess. 5:2; 2 Pet. 3:10).

1.2. Die vraag is nou:

- ❖ Verwag die Bruidegom (Yeshua) van Sy bruid om 'n tydperk van verdrukking en vervolging deur te gaan alvorens Hy haar gaan kom haal? Indien sy haar voorberei het en 'n rein en vlekkelose bruid is, sal Hy haar dan nie kom haal voor die Groot Verdrukking nie?
- ❖ Ons moet egter ook besef dat die getrouheid van die bruid getoets gaan word deur beproewinge. Tot watter mate sal die Bruidegom toelaat dat Sy bruid se getrouheid beproef word? Moet ons nie almal deur YHVH se vuur ook gelouter word nie? Gaan ons nie almal deur die Groot Verdrukking getoets word nie?

Daar is 'n groot mate van eenstemmigheid dat die Fees van Trompette 'n heenwysing na die wederkoms van Yeshua is, en volgens sommige ook van die wegraping. Die vraag is egter wanneer gaan dit plaasvind? Hieroor bestaan daar meningsverskille, maar ons moet nie toelaat dat hierdie verskille die oorsaak van skeuring is nie. Laat ons met liefde, verdraagsaamheid en 'n leerbare gees die waarheid bly soek.

### **Midrash Haftorah (Haftorah Bespreking)**

#### **Haftorah: Jes. 44:11 tot 45:5 – Die Sinneloosheid van Afgodery.**

Die verband tussen hierdie week se *Haftorah* en *Parashah* is die keuse wat elkeen moet maak ten opsigte van die god wat gedien word. Elkeen moet kies tussen die Lewende God wat lewe gee en die dooie afgode wat ewige dood as beloning bied.

Die sinneloosheid (belaglikheid) van die aanbidding van afgode word in Jes. 44:10 tot 20 ondermeer soos volg beskryf:

*Wie maak 'n god en giet 'n beeld wat geen voordeel aanbring nie? Kyk, al sy aanhangers sal beskaamd staan; en die ambagsmanne is uit die mense! Laat hulle almal bymekaarkom, gaan staan, verskrik wees, tesame beskaamd staan! Jes. 44:10 en 11.*

*Een gaan sederbome afkap, en hy neem 'n steeneik of 'n eikeboom en laat een vir hom opgroei onder die bome van die bos. Hy het 'n pynboom geplant, en die reën het dit grootgemaak. Dan dien dit die mens as brandhout, en hy neem daarvan en maak hom warm; ook steek hy dit aan die brand en bak brood; ook maak hy daar 'n god van en buig hom daarvoor neer; hy maak daar 'n gesnede beeld van en kniel daarvoor neer. Jes. 44:14 en 15*

Hoe sinneloos is dit om 'n afgod te maak van dit wat die Enigste en Ware Lewende God, YHVH, geskape het??!! In plaas daarvan om die Skepper te aanbid word die skepping aanbid! Tereg sê Jesaja aangaande sulke mense:

*Hulle weet nie en verstaan nie, want hulle oë is toegesmeer, sodat hulle nie sien nie, hulle harte, sodat hulle nie verstaan nie; en niemand neem dit ter harte nie, en daar is geen kennis of verstand om te sê nie: Die helfte daarvan het ek verbrand in die vuur, en ook het ek op die*



*kole daarvan brood gebak; ek het vleis gebraai en geëet; en sal ek van die oorblyfsel daarvan 'n gruwel maak? Sal ek neerkniel voor 'n stuk hout? Jes. 44:18 en 19*

Afgodsdienaars hou hulle besig met as (vers 20) – dit wat verbrand is en dus met dit wat nutteloos is en die resultaat van misleiding is!

Afgodery is die behoefte aan 'n god en om dan 'n god te skep en te besluit wat die naam van die god is, wat sy hoedanighede (eienskappe; kenmerke; karakter; vermoë) is en hoe die verhouding met hierdie god moet wees. Dikwels word sekere hoedanighede van YHVH aan hierdie afgod(e) gegee.

Afgodery is om jou eie geregtigheid op te rig en is weens 'n gebrek aan die kennis van YHVH se geregtigheid (Rom. 10:1 tot 3). Dit is selfs moontlik om 'n ywer vir YHVH te hê, maar nie Sy geregtigheid te ken nie! Die opdrag is om eerstens YHVH se koninkryk en **Sy geregtigheid** te soek (Matt. 6:33).

Paulus stel dit baie duidelik dat ons nie moet meng met die afgodsdienaars nie:

*..maar dit het ek aan julle geskryf: Om nie te meng met iemand wat 'n broer genoem word en dan 'n seksueel immorele mens is of 'n gierigaard of 'n afgodsdienaar of 'n kwaadprater of 'n dronkaard of 'n skelm is nie. Met so iemand moet julle selfs nie saam brood eet nie. 1 Kor. 5:11 – PWL.*

In ons Torahskriflesing van hierdie week het ons ook gesien dat YHVH beveel dat alle plekke (areas in ons lewens) waar afgode gedien word, vernietig moet word – ja, selfs hulle name moet nie eers meer genoem word nie (Deut. 12:2 en 3)!

By monde van Jesaja doen YHVH 'n oproep op sy volk om terug te keer na Hom wat hulle verlos het (vers 22). Dit is 'n oproep om afstand te doen van alle vorme van afgodery en terug te keer om in Torah-gehoorsaamheid die God van Abraham, Isak en Jakob te dien. Die woorde van Jesaja word steeds vandag gehoor!

*Ek het 'n ander stem uit die hemel hoor sê: “Gaan uit haar uit, My volk sodat julle nie deel kry aan haar sondes en nie van haar plaë ontvang nie, want die sondes in haar het opgestapel tot by die hemel en God het haar boosheid in herinnering geroep. Open. 18:4 en 5 – PWL.*

## **Bepeins of Bespreek**

1. Torah beskryf die hoedanighede van YHVH. Daarom: Om Torah, of enige deel daarvan te verwerp, is om 'n afgod te maak wat slegs sekere van YHVH se hoedanighede bevat. Is dit waar? Wat is die maatstaf of jy YHVH of 'n afgod dien? Kyk na watter van die 10 gebooue jy onderhou – al tien of net nege!! Onthou: die tien gebooue is die tien woorde (*asarah dabar*) van YHVH (Ex. 34:28; Deut. 4:13 en Deut. 10:14) en is die basis (opsomming) van die hele Torah (van al die woorde van YHVH).
2. Is dit afgodery indien ons YHVH van sekere dinge 'beskuldig' waaraan Hy onskuldig is, of sekere wanopvattinge van Sy hoedanighede het? Byvoorbeeld: Behaag dit YHVH werklik om 'n geliefde deur die dood weg te neem – soos die meerderheid begrafnisbriewe lui? Is dit nie om YHVH vals te beskuldig of 'n verkeerde indruk van Sy hoedanighede te hê nie? Word daar dan nie 'n afgod gemaak nie?nie

-O-O-O-O-O-O-O-

*Ontvang YHVH se Woord met welwillendheid, maar ondersoek self die Skrifte of hierdie dinge die waarheid is (Hand. 17:11).*

Shalomgroete tot volgende keer.

Johan.

Epos: [kontak@nuweliel.info](mailto:kontak@nuweliel.info)

Webwerf: <http://www.nuweliel.info>

*Kopieë mag gemaak en gratis versprei word, maar mag nie verkoop word nie. Geen veranderinge mag aan die oorspronklike teks aangebring word en dit dan onder die naam van Nuwe Lied Bediening versprei nie.*